Diana Wylie: *A Little God: The Twilight of Patriarchy in a Southern African Chiefdom.* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1991.) pp. 278. Sagteband, ISBN 1-86814-172-1. R50-55.

In 1948 het 'n huwelik tussen twee mense plaasgevind wat die wêreld lank daarna nog aan die praat gehad het. Dit was naamlik die huwelik van Seretse Khama, aangewese opvolger van die Bamangwato-stam in Botswana, met Ruth Williams, 'n sekretaresse wat werksaam was by die Lloyd's versekeringsmaatskappy in Londen. Gemengde huwelike was omtrent ongehoord in daardie dae, en die verleentheid wat dit vir die Britse, Suid-Afrikaanse en Rhodesiese regerings veroorsaak het, word weerspieël deur die feit dat Seretse 'n pensioen van 2 200 Britse pond per jaar asook 'n diplomatieke pos in die Bahamas aangebied is in ruil vir sy vrywillige afstanddoening as opvolger van die Bamangwato. Seretse het geweier, afgesien van die feit dat 'n Britse kommissie van ondersoek reeds aanbeveel het dat die afwesigheid van Seretse in Botswana gewens was weens die moontlike dispute wat onder die Bamangwato kon ontstaan weens hierdie gemengde huwelik. Die gevolg was dat hy tot in 1956 uit Botswana verban is, waarna hy as private individu kon terugkeer. Hierna het Seretse hom binne die konstitusionele raamwerk begin opwerk en is hy later verkies as die leier van die Demokratiese Party. Op 3 Maart 1965 is hy aangestel as premier na sy party wat 28 van die 31 moontlike setels in die verkiesing verower het. Met die onafhanklikwording van Botswana in 1966, is Seretse Khama aangestel as die eerste president. Wat hy verloor het as erflike leier, het hy dus wettiglik teruggewen op politieke gebied.

Wylie se boek, wat gebaseer is op 'n doktorale proefskrif, fokus hoofsaaklik op die gebeure binne en om die patriargale Bamangwato stam in die 25 jaar voor onafhanklikheid onder Tshekedi Khama, 'n oom van Seretse wat as regent aangewys is na die dood van Sekgoma II in 1921. Die jong Seretse was toe nog nie eers vyf jaar oud nie, en Tshekedi sou moes regeer tot tyd en wyl Seretse gereed was om die leisels oor te neem. In hierdie tyd het Seretse in Suid-Afrika skoolgegaan, 'n tyd lank aan Fort Hare gestudeer waarna hy Engeland toe is vir verdere studie. Sy lang afwesigheid en huwelik met Ruth het interne woelinge binne die geledere van die tradisionele Bamangwato ontketen wat uiteindelik uitgeloop het op ernstige meningsverskille tussen hom en Tshekedi.

Die outeur werp lig op verskeie aspekte soos onder andere die tradisionele Tswana regs- en politieke organisasie en die uitwerking wat kapitalisme en die Britse regeringstelsel daarop gehad het. In die eerste hoofstuk word die leser ingelei met 'n oorsig oor die Tswana in die negentiende eeu: die politieke en ekonomiese stelsels, die uitwerking van die Mfecane, die toenemende Britse belangstelling in Tswana woongebied en die uitwerking van die industrialisasieproses in Suid-Afrika is aspekte wat deeglik toegelig word. Die tweede hoofstuk behandel die interne struktuur van die Bamangwato gedurende die jare 1925-1939 terwyl hoofstuk drie op die tradisionele reg van die Tswana fokus. In 'n laaste hoofstuk word die faktore behandel wat die Bamangwato kapteinskap afgetakel en verswak het vanaf 1948-1956. Dit is ekonomiese faktore, interne geskille tussen faksies en die huwelik van Seretse met Ruth. Die outeur slaag daarin om die geskiedenis van die Bamangwato as 'n dinamiese proses van verandering en interaksie uit te beeld, eerder as om te verval in statiese beskrywings.

Wyle se werk maak goeie leesstof uit: dit verteer maklik en is gebaseer op uitgebreide navorsing in die veld en verskeie argiefbewaarplekke. Dit dra defnitief by tot beter begrip van die Bamangwato, Botswana en die Tswana oor die algemeen.

**Albert van Jaarsveld**
*Universiteit van Zoeloeland*